

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
28 Oktober 1973

Onderwerp: Hervorm
Hervormingsfees

Lees: Rigters 6 verse 25 tot 33
Matthéüs 23 verse 29 tot 39

Teks: Rigters 6 verse 25 tot 32

Sing: Psalm 46 vers 1
Gesang 156 vers 1
Gesang 153 verse 1 en 4

“Die datum 31 Oktober 1517 roep in herinnering die ingryping van die geïnspireerde Woord van God in die hart van Martin Luther. Dit was spesifiek die woorde: ‘Maar die regverdige sal uit die geloof lewe’ (Rom 1:17) wat hom die geloofsoortuiging gegee het om man-alleen die 95 stellinge aan die deur van die Wittenbergse kerk vas te spyker. Daarmee het hy finaal gebreek met die Rooms-Katolieke Kerk en só die magtige Hervorming begin.

“Op hierdie dag dink ons dankbaar terug aan wat God deur die lewe van Martin Luther, Zwingli, Calvyn en ander tot stand gebring het. Maar terwyl ons hulle nagedagtenis vereer, moet ons die vermaning van Jesus Christus aan die Skrifgeleerdes in gedagte hou: ‘Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle bou die grafte van die profete en versier die grafstene van die regverdiges; en julle sê: As ons in die dae van ons vaders geleef het, sou ons geen deel met hulle gehad het aan die bloed van die profete nie. Julle gee dus teen juiself getuienis dat julle kinders is van die wat die profete vermoor het. Maak die maat van julle vaders dan vol! Slange, addergeslag, hoe sal julle die oordeel van die hel ontvlug?’ (Matt 23:29-33)

“Mag God ons behoed dat ons op hierdie dag monumente vir die Hervorming oprig, terwyl ons intussen besig is om hulle nalatenskap onder ons voete te vertrap. Dink aan die volgende en mag dit ons tot diepe nadenke stem:

“Ons veroordeel die vormdiens van die Rooms-Katolieke Kerk. Maar hoe dikwels is ons nie self slawe van uiterlike vormgodsdienste nie, terwyl ’n verhouding met God en Jesus Christus ons min skeel. Soveel só dat

daar by baie geen groei is en daar geen krag uit hulle lewe as belydende lidmate gaan nie. Gebed het by vele 'n verlore geheim geword en by baie net 'n toevlug in nood.

“Ons veroordeel die Rooms-Katolieke Kerk wat die Woord van God vir sy lidmate verberg het, maar open self weinig of nooit die Woord van God vir onself of ons huisgesin nie.

“Hoe maklik veroordeel ons nie die Rooms-Katolieke dwaalleer ten opsigte van die sakramente nie. En tog bedien ons die doop aan kinders wie se ouers se lewens 'n onbeskaamde leuen is. Mense wat die sakrament bloot begeer uit gewoonte en bygeloof; en by wie daar van meelewing met die Kerk van Jesus Christus geen sprake is nie.

“Ons veroordeel die Rooms-Katolieke Kerk oor sy werksheiligheid, wat verdienste deur goeie werke vereis. Hierteenoor is daar in ons geledere mense wat dink dat hulle met goeie werke toegang tot die Hemel sal kry. Net soos in die Middeleeue, dink hulle dat hulle God se guns met goeie werke kan verdien.

“Geld die Apostel Paulus se woorde nie ook vir ons nie? ‘Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, na 'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie’. (Gal 1:6,7)

“Die dae van Gideon was gekenmerk deur geestelike verval; so ook die Middeleeue. Ek verstout my om te sê dat ook ons tyd daardeur gekenmerk word.

“Ons leef in krisistye. Tye waarin ons Protestantse Calvinistiese erfenis meer as ooit bedreig word. Kommunisme en Liberalisme is helse magte wat probeer om ons kosbare erfenis te verniel en te verwoes. Vanuit die Noorde rol die vyand aan op ons land. Die doel is nie Salisbury of Bulawayo nie, maar die uitwissing van die Christendom aan die suidpunt van Afrika. Hierteenoor is daar hoeveel wat die keerwerk aan 'n paar jongmanne op ons grense wil oorlaat, terwyl hulle hulself behaaglik uitstrek op bedde van traak-my-nie-agtigheid en passiwiteit.

“Broers en Susters, ons word in 'n tyd soos hierdie geroep om saam te staan en die vyand te beveg met woord en daad. Sal God dan nie ook vir hierdie tyd waarin ons lewe, manne en vroue vind wat gewillig sal wees om, as dit dan moet, hulle lewe ter wille van hulle erfenis af te lê op die skavot en die brandstapel nie?

Mense wat soos Gideon, bereid is om te staan op hulle beginsels tot die einde toe, al is hulle in die minderheid.

“Broers en Susters, gedagtig hieraan, wil ek sê dat ons kerk en ons volk ongekende krisisse beleef. Te meer omdat daar soveel verraaiers en halfhartiges binne in die kerk van Jesus Christus is. Die geestelike erfenis wat God aan ons hier aan die suidpunt van Afrika gegee het, verkeer in gevaar. En hierdie gevare is geensins denkbeeldig nie. Die steeds toenemende ongeloof, kerkloosheid en kerklosheid gepaard met geestelike agteruitgang, stem die gelowige tot diepe nadenke en verootmoediging.

“Die vraag is of ons as Protestantse land, in staat is om hierdie aanvalle teen die Christendom die hoof te bied? Dan wil ek hierop met ’n besliste ‘Ja’ antwoord. Maar Broers en Susters dan moet ons, soos Gideon, antwoord op God se roepstem; en dan moet ons gaan op God se bevel en ons gereed maak vir die stryd. Dan moet ons standpunt inneem teen alle afgodediens.

“In Gideon se tyd is die gehoorsaamheid aan die wette van Moses ingeruil vir allerhande afgodsgebruike. In Silo het die Ark van God nog die middelpunt van die Tempel gevorm. Maar op elke Israeliet se werf het daar ook ’n afgodsaltaar gestaan, waarop daar daaglik aan Baäl en Astarte geoffer is. Die Volk van God was besig om in Kanaän te verheidens, omdat hulle teen die bevel van God hulself vermeng het met die Kanaäniete.

“Maar, Broers en Susters, God het sy volk nie losgelaat of oorgegee aan sy vyande nie. Op sy tyd het Hy ingegryp en daar by die terpentynboom van Ofra vir Gideon geroep om sy volk te rig, terug na God toe. Só ook in die Middeleeue, toe God vir Luther, Calvyn en ander geroep het.

“En Gideon het die stryd aangeknoop teen Baäl en Astarte. Die heilige boomstamme moes weg. Daarom, terwyl ander geslaap het, het Gideon se bylhoue die nagstilte versteur. Hy was besig met ’n hervormingstaak, wat beteken het dat elke afgodsaltaar vernietig en die altaar van die lewende God in ere herstel moes word. Gideon en sy handjievol manne was die begin van ’n Goddelike reformasie.

“Broers en Susters, ons eie lewe moet elke dag in die teken van die Hervorming staan. Hoeveel is daar nie in ons eie lewens wat afgelê en uitgeroei moet word nie? Al die altare waarop daar so dikwels rook opgaan vir die afgode van die wêreld, moet plek maak vir die altaar van die ware God.

“Baäl en Astarte is aktief ook in ons tyd. Maar ons moet onthou dat God en Baäl, Jesus Christus en Astarte, die waarheid en die leuen, nooit saam kan gaan nie. Die vuur van die Hemel sal nooit neerdaal op ons altaar as die afgodsoffer nog daar rook nie. Hy wat sy lewe van selfverheerliking en gelykvormigheid aan die wêreld wil behou, sal dit verloor. Wie ’n vriend van die wêreld is, is ’n vyand van God.

“Broers en Susters, ’n draadsitter het dit nog nooit vêr gebring nie, hetsy op kerklike of staatlike gebied. Daarom skryf Paulus aan die Korinthiërs en dit geld vir elke Christen: ‘Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem.’ (2 Kor 6:17)

“By afbreek moet dit nie bly nie. Ons moet ook weer altare vir God bou in ons lewens. Kyk na die geseënde uitwerking van Gideon se daad. Daardie môre moes die afgodediaars vind dat hulle heilige boomstamme verwoes is en gebruik is om vuur op die altaar van God te maak. Daar was konsternasie, maar ook ’n wraakgevoel teenoor die kneg van God. Hy wat die wil van God kom doen het, moes sterwe.

“As jy gehoorsaam is aan God se bevel om jou eie lewe te hervorm, sal die wêreld jou haat. Hoor hoe skreeu die menigte op Gábbata: Weg met Jesus. Kruisig Hom. Laat Barábbas vry!

“En daarna was dit Bartholomeusnag en die Roomse Inkwisisie. Broers en Susters, daar wag seker ook op ons ’n Bartholomeusnag van bloedvergieting. Ook ons sal moet veg vir ons behoud. Sal u gewillig wees om alles op die altaar te lê ter wille van God wat ons so uitnemend lief gehad het, dat Hy sy Seun gegee het om vir ons te sterwe aan die kruis?

“Laat ons soos Gideon, Luther en Calvyn gehoorsaam wees aan God se bevel. Laat ons begin om af te breek wat lelik en sondig is in ons eie lewe, gesin, gemeente, kerk en volksbestaan. Laat ons terselfdertyd God se altaar bou, sodat elke Baäl, Astarte en die Antichris mag weet hier is iemand wat nooit weer voor die afgode van die twintigste eeu sal kniel nie.

“Dan, Broers en Susters, sal kerk, volk en staat die seën ondervind van ’n genadige verandering, bekering en hervorming. Dan sal Eségiël 36 verse 26 tot 29 geld: ‘En Ek sal julle ’n nuwe hart gee en ’n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle ’n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my

insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk en Ek sal vir julle 'n God wees. En Ek sal julle verlos van al jul onreinhede'.
(Eség 36:26-29)

“Amen.”